Lekker Sing (b)

Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. ‘n Liefde vir Afrikaanse musiek aan te leer.
2. Met selfvertroue in ‘n groep te laat saamsing.

B VEREISTES

Elke Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die Nasionale lied ken en kan saamsing.
2. Die Vlaglied ken en saamsing.
3. Drie Afrikaanse godsdienstige liedjies kan saamsing.
4. Drie Voortrekkerliedjies, met aksies, kan saamsing.
5. Twee volksliedjies aanleer en saamsing.
6. ‘n Musiekinstrument maak en gebruik tydens die sing van een van bogenoemde liedere.
7. Ritmiese bewegings saam met die musiek uitvoer.

C AANBIEDING

Algemeen: Hierdie spesialisasie kan nie in een dag afgehandel word nie.

1. Elke kind moet die liedjies goed ken en met gemak kan saamsing.
2. Moenie te lank aanhou sing nie en leer een liedjie op ‘n keer.
3. Al is dit ekstra werk, sal dit die moeite loon om al die liedjies saam in ‘n tuisgemaakte boekie beskikbaar te hê.